# Jaar 3
# Gr. 1 - 4

# Werkboek

**Hoe om die lesse te gebruik.**

Lesse is volgens CUM se kinderbybel uitgewerk. Daar is met opset nie ‘n handboek nie, want die Bybel is die handboek. Die droom is dat elke kind sy eie Kinderbybel het. Ons werk oor ‘n tydperk van 4 jaar deur die Bybel.

Ons probeer:

- hulle leer om die Bybel te hanteer,
- ‘n liefde vir die Bybel ontwikkel,
- dat hulle leer om die Heilige Gees kans te gee om hulle lewens deur die Bybel te verander.
- dat hulle die Bybel, saam met die Heilige Gees, as gesag in hulle lewens aanvaar,
- dat hulle na 4 jaar die Bybel in verhaal vorm kan oorvertel.

Die inhoudsopgawe het ‘n *Bybelprente-bladsynommers*- en ‘n *Prente-Nommer-op-plakkaat* kolom. Sommige gemeentes maak vir hulle plakkate van die Bybelprente wat in die *Bybelprente-bladsynommers* kolom aangedui word. Kontak gerus vir CUM en vetrel hulle dat julle hulle Bybel vir julle kinderlesse gebruik. Hulle het my destyds toestemming gegee om afdrukke van hulle prente te maak, so ek dink nie hulle sal ‘n probleem daarmee hê nie. Hierde plakkaat word dan gebruik wanneer die kinders die verhale in volgorde oorvertel. Deur na die prente te kyk, help dit hulle om te onthou. Vir die kleintjies is dit soms pret om vir hulle ouers te wys dat hulle dit ken. Julle kan dalk kwartaalliks die ouers nooi om te kom kyk.

Jy sal ook sien dat daar bo aan die lesse *Kolle vir die register* geskryf staan. Sommeige gemeentes hou ‘n bywoningsregister. Hulle print die kinders se name onder mekaar, met kolomme langsaan vir elke geleentheid wat daar ‘n les gaan wees. Hulle koop dan kolle aan wat die kind elke keer langs sy naam kan plak as hy daar is. Sommige gemeentes lamineer ‘n A3 papier met slegs kolomme op. Hulle koop dan verskillende kleure afveebare koki’s aan. Hulle skryf die kinders se name op en elke week kry die kind ‘n geleentheid om ‘n kol langs sy naam te gaan maak. Op hierdie wyse kan hulle die bywoningsregister jaarliks hergebruik.

Daar is ook ‘n geleentheid om die *Bybel-boek-naam-liedjie* te oefen. Daar is verskillende kunstenaars met liedjies wat kinders help om die Bybelboekname aan te leer, byvoorbeeld Jan de Wet en die Ioflaaities en Soekie&Radikids.

Die lesse het inkleurprente aan die einde, maar daar word nie in die lesse daarna verwys nie. Dit is ‘n opsie wat julle tydens die lesaanbiedings kan gebruik. Soms deel die aanbieder die prente aan kinders uit wat nog baie klein of steurend is, sodat dit hulle besig hou terwyl die les aangebied word.

Ek hoop julle het baie pret met die lesse. Daar is geen kopiereg op nie, so gebruik dit asseblief met groot vrymoedigheid. Bebruik dit net so, gebruik dit vir inspirasie, pas dit aan, maak dit beter, kry beter prente... Moet dit asseblief net nie aan ander mense verkoop nie. Ek het nie ‘n probleem daarmee as julle byvoorbeeld drukkostes verhaal nie, maar die lesmateriaal moet asseblief altyd gratis beskikbaar wees. Jammer vir enige spel en taalfoute. Ek het ongelukkig nie die finansies om dit ordentlik te laat proeflees nie. Laat weet my groot asseblief wanneer jy op foute afkom, sodat ek dit kan regmaak.

**Inhoud**


| | |
|---|---|
| Les 1 | 'n Engel besoek 'n jong meisie - Josef se droom Bl. 210 - 213 |
| Les 2 | Jesus word gebore - Geskenke vir 'n koning Bl. 214 - 219 |
| Les 3 | Hy sal 'n Nasarener genoem word - Josef en Maria verloor Jesus Bl. 220 - 223 |
| Les 4 | Jesus word gedoop - Jesus en Sy vriend Bl. 224 - 225 |
| Les 5 | Die vyand van God versoek Jesus Bl. 226 - 227 |
| Les 6 | Hersiening Bl. 210 - 227 |
| Les 7 | Die eerste dissipels - So vang mens vis 228 - 230 |
| Les 8 | Daar is niks meer wyn nie Bl. 230 - 231 |
| Les 9 | Hy is die Lewende Water - Die vrou by die put Bl. 234 - 235 |
| Les 10 | Vier mans op die dak Bl. 236 |
| Les 11 | Die twaalf word gekiesBl. 241 |
| Les 12 | Hersiening Bl. 228 - 241 |
| Les 13 | Ware geluk Bl. 242 |
| Les 14 | Om saad re saai - Om op die regte plekke te saai Bl. 248 - 249 |
| Les 15 | Die kalmte - Die ander kant Bl. 252 - 255 |
| Les 16 | Die swak koning Bl. 261 |
| Les 17 | Na 'n stil plek - 'n Seun se kos voed duisende Bl. 262 - 265 |
| Les 18 | Hersiening Bl. 242 - 265 |
| Les 19 | Jesus loop op die water - Petrus loop op die water Bl. 266 - 270 |
| Les 20 | Die geloof van 'n uitlander Bl. 271 |
| Les 21 | Kinders is die belangrikste - Nie alleen nie Bl. 277 |
| Les 22 | Die malaatse wat genees is - Waarom nie dankie sê nie? Bl. 278 - 279 |
| Les 23 | 'n Tweede kans Bl. 280 - 281 |
| Les 24 | Hersiening Bl. 266 - 281 |
| Les 25 | Die goeie Samaritaan Bl. 282 - 283 |
| Les 26 | Marta en Maria Bl. 285 |
| Les 27 | Lasarus leef Bl. 289 |
| Les 28 | Die ryk jong man Bl. 300 |
| Les 29 | Die man in die boom Bl. 305 |
| Les 30 | Hersiening Bl. 282 - 305 |

# Les 1
## Kinderbybel bladsy 210 tot 213
## ‘n Engel besoek ‘n jong meisie - Josef se droom

1. Blaai saam met die kinders na bl. 210 in die Kinderbybel.
   - Maak seker dat elke kind Kinderbybel het en by die regte bladsy oop is.
   - Hierdie is waarskynlik die belangrikeste deel van die les.
   - Die kinders leer dat die Bybel gesaghebbend in ons lewens is en dat dit sentraal is in die Bybelskool.
   - Lees/vertel nou die verhaal vir die kinders en laat hulle omblaai soos jy met die verhaal vorder.
   - Verwys na die prente.
   - As jy ‘n klas het waar die kinders reeds kan lees, laat hulle ‘n sin of twee lees.

2. Vertel die verhaal oor.
   - Gee nou die kinders die geleentheid om die verhaal in hulle eie woorde oor te vertel.

3. Vasleggingsgeleenthede
   - Onthou dat daar elke week meer as een vasleggingsgeleentheid is.
   - Jy hoef nie almal te doen nie. Die idee is dat jy jou klas leer ken en later weet watter tipe vasleggingsgeleenthede die beste vir hulle sal werk. Elke klas verskil.

3.1 Blokkiesraaisel
   - Aan die einde van die les is ‘n blokkiesraaisel. Maak vir elkeen ‘n afskrif en laat hulle dit invul.

3.2 Gee die engel sy vlerke
   - Aan die einde van die les is daar ‘n engel sonder vlerke en op die blady daarna is vlerke.
   - Knip die engel en vlerke uit. Plak die prent van die engel teen die muur. Sit ‘n stukkie wondergom aan die vlerke vas. Speel nou, gee die engel sy vlerke soos jy “die donkie sy stert sal gee”.
   - Net ‘n tegniese punt. Engele het waarskynlik nie vlerke nie, maar wel gerubs. Volgens die Bybel is daar verskillende hemelwesens. Daar mag dalk slimkoppies in jou klas wees en dan is jy gereed om vir hulle te sê: dis net ‘n speletjie.

3.3 Lees Jes. 9: 5&6 uit die gewone Bybel
   - Verduidelik aan die kinders dat dit ‘n voorspelling oor Jesus is. Dis 700 jaar voor die tyd al voorspel.
   - Maak die teksvers makliker, soos volg en laat hulle dit aanleer.

Jesus (maak ‘n kruis deur jou arms weerskante toe uit te steek) is die seun (maak of jy ‘n babatjie in jou arms sus) van God (wys boontoe) wat Hy vir ons belowe het (gee jou self ‘n handdruk).

- Maak seker die kinders verstaan wat die handbewegings beteken.

3.4 Bespreking

- Jy kan die les, met behulp van die volgende vrae met die kinders bespreek.

Vra vir die kinders of iemand al iets vir hulle belowe het waarvoor hulle baie lank moes wag.
Was dit vir hulle moeilik om daarvoor te wag?
Was dit die moeitewerd of was hulle teleurgesteld?

God het belowe om vir Jesus te stuur. Van die beloftes was meer as ‘n duisend jaar voor Jesus uiteindelik gekom het. Die mense moes baie lank wag.
God Het vir Jesus aarde toe gestuur om ons te kom help om op te hou om mekaar seer te maak. Nadat Jesus aan die kruis, vir ons sondes (dat ons mekaar so seermaak) doodgemaak is, het Hy uit die dood opgestaan en nou bly Sy gees saam met ons in ons lyfies. Nou help Hy ons van binne af om op te hou om mekaar seer te maak.

Ons wag ook nou vir Jesus soos die Israeliete vir Hom gewag het. Waarvoor wag ons nou? Ons wag vir wanneer Hy weer kom, want dan kom haal hy ons om saam met hom na die nuwe blyplek te gaan wat hy op die oomblik vir ons voorberei. Daar gaan niemand mekaar meer seermaak nie.


# Les 1 blokkiesraaisel

## Dwars

1. Wie het by haar kamer ingekom?
2. Sy sou ‘n … kry.
3. Wat is haar naam?
4. Wie het die engel gestuur?
5. Met wie het Maria getrou?

### Af

1. Die Jode het geweet God sou eendag ‘n … stuur.
2. Wat is die engel se naam?
3. Maria se baba is die … van die wêreld.











**Kleur die prent mooi in.**

# Les 2
## Kinderbybel bladsy 214 - 219
## Jesus word gebore - Geskenke vir ‘n koning

1. Blaai saam met die kinders na bl. 214 in die Kinderbybel.
   - Maak seker dat elke kind ‘rbybel het en by die regte bladsy oop is.
   - Hierdie is waarskynlik die belangrikeste deel van die les.
   - Die kinders leer dat die Bybel gesaghebbend in ons lewens is en dat dit sentraal is in die Bybelskool.
   - Lees/vertel nou die verhaal(e) tot by bl. 219 vir die kinders en laat hulle omblaai soos jy met die verhaal vorder.
   - Verwys na die prente.
   - As jy ‘n klas het waar die kinders reeds kan lees, laat hulle ‘n sin of twee lees.

2. Vertel die verhaal oor.
   - Gee nou die kinders die geleentheid om die verhaal in hulle eie woorde oor te vertel.

3. Vasleggingsgeleenthede
   - Onthou dat daar elke week meer as een vasleggingsgeleentheid is.
   - Jy hoef nie almal te doen nie. Die idee is dat jy jou klas leer ken en later weet watter tipe vasleggingsgeleenthede die beste vir hulle sal werk. Elke klas verskil.

3.1 Die les gaan oor Jesus se geboorte. Hulle kan dalk ‘n paar kersliedjies sing.

3.2 Soos die kinders in die klas in kom, laat hulle hulle name, vanne en plek waar hulle gebore is opskryf. Jy kan dit gebruik as ‘n inleiding om te verduidelik wat ‘n sensusopname is en waarom Josef en Maria Betlehem toe moes gaan.

3.3 Onderaan is ‘n papier wat die kinders sal help om hulle eie geboortes met Jesus s’n te vergelyk. Print vir elke kind een uit en laat hulle dit invul. As hulle nog nie kan skryf nie, kan jy dit met hulle deurgaan. Gebruik dan die volgende vrae om die werkblad te bespreek.

- Noem ‘n paar verskille tussen jou en Jesus.
- Is daar ooreenkomste (goed wat dieselfde is)?
- As Jesus vandag gebore moes word, waar dink jy sou dit wees? (Daar is nie ‘n reg of verkeerd nie.)

3.4 Onderaan is ‘n prent van Josef, Maria en baba Jesus. Voltooi die tekening deur die kolletjies in die regte volgorde te verbind.

3.5 Bespreking
   - Onderaan is ‘n prent met verskillende mense wat mens kan red.
   - Gebruik dit, asook die volgende vrae om die verhaal te bespreek.

Wat doen die mense in hierdie prente? (red mense)
Wie van julle hou van julle huise? Is dit lekker om saam met jou familie daar te bly? Sal dit vir jou erg wees om dit alles te los en weg te gaan?
Het Jesus bestaan voor Hy as ‘n baba na die aarde toe gekom het?
Voor Jesus aarde toe gekom het, was hy in die hemel, omring deur engele. Hy was ‘n koning wat op ‘n troon sit. Tog het Hy dit alles gelos sodat Hy my en jou kon kom red.
Jesus het nie net alles gelos nie, Hy het besluit om nederig te wees en in ‘n stal (tussen die diere en waar dit sleg ruik) gebore te word.

Is daar ‘n ooreenkoms tussen die mense in die prent en Jesus?
Wat staan vir hulle uit oor vandag se Bybelverhaal?




© 2010 - www.hellokids.com

# Jesus en ek


| | Jesus | Ek |
|---|---|---|
| **Stad of dorp waar baba gebore is** | | |
| **Die plek (gebou) waar baba gebore is** | | |
| **Klere waarin baba toegedraai is** | | |
| **Waarmee het Mamma na die geboorteplek gery?** | | |
| **Wie het baba na sy geboorte kom besoek?** | | |
| **Waar is Jesus/ek meeste Sondagoggende?** | | |
| **Wie sal die baba wees as hy/sy groot is.** | | |




COAST GUARD







**Kleur die prent mooi in.**

# Les 3
## Kinderbybel bladsy 220 - 223
## Hy sal ‘n Nasarener genoem word - Josef en Maria verloor Jesus

1. Blaai saam met die kinders na bl. 220 in die Kinderbybel.
   - Maak seker dat elke kind ‘n Kinderbybel het en by die regte bladsy oop is.
   - Hierdie is waarskynlik die belangrikste deel van die les.
   - Die kinders leer dat die Bybel gesaghebbend in ons lewens is en dat dit sentraal is in die Bybelskool.
   - Lees/vertel nou die verhaal(e) tot by bl. 223 vir die kinders en laat hulle omblaai soos jy met die verhaal vorder.
   - Verwys na die prente.
   - As jy ‘n klas het waar die kinders reeds kan lees, laat hulle ‘n sin of twee lees.

2. Vertel die verhaal oor.
   - Gee nou die kinders die geleentheid om die verhaal in hulle eie woorde oor te vertel.

3. Vasleggingsgeleenthede
   - Onthou dat daar elke week meer as een vasleggingsgeleentheid is.
   - Jy hoef nie almal te doen nie. Die idee is dat jy jou klas leer ken en later weet watter tipe vasleggingsgeleenthede die beste vir hulle sal werk. Elke klas verskil.


3.1 Laat die kinders bietjie “houtwerk doen”.
   - Indien jy plankies, spykers en hamertjies het, kan jy dit dalk saam neem en die kinders ‘n spyker of twee laat kap en dan ‘n oomblik praat oor Jesus wat by Sy pa leer houtwerk doen het.
   - Dalk kan jy dit doen nog voor julle die Bybelverhaal lees.

3.2 Aan die einde van die les is ‘n aktiwiteitsblad waarop die kinders lyne in die regte tonneltjies moet trek om Jesus en Sy gereedskap bymekaar uit te bring.

3.3 ‘n Gediggie oor Jesus wat ook ‘n kind was.
   - Aan die einde van die les is ‘n Engelse gediggie, met handgebare, wat die kinders kan opsê om hulle te help om te onthou dat Jesus ook ‘n kind was.

3.4 Bespreking - Jesus was ook ‘n kind, nes ek.
   - Dink jy Baba-Jesus het ook gehuil as Hy honger geword het?
   - Dink jy Jesus het ooit Sy tone gestamp of seergekry?
   - Dink jy Jesus het ook gehuil toe hy ‘n seuntjie was en seergekry het?
   - Watter werk sou Jesus waarskynlik as grootmens gedoen het, as hy ‘n gewone mens was? Waarom? (Hy sou ‘n skrynwerker gewees het omdat die kinders destyds gewoonlik hulle pa se professie aangeleer het.)
   - Wat sou jy gedoen het as jy Jesus se kragte gehad het?
   - Waarom dink jy het Jesus nie Sy kragte as kind gebruik nie?
   - Waarom wou Jesus in die tempel bly?
   - Ons het nie meer ‘n tempel nie. Waar bly God nou? (Nie in die kerk nie. In ons lyfies, saam met ons. Ons is nou Sy tempel.)
   - Vra vir die kinders of daar van hulle is wat soms self, op hulle eie, hulle Kinderbybels (of gewone Bybels) lees.
   - Net soos Jesus saam met Sy hemelse Vader tyd in die tempel spandeer het, kan ons nou tyd saam met ons hemelse Vader spandeer deur ons Bybels te lees.

# Help vir Jesus om sy gereedskap in die hande te kry.




# Jesus Did It, So Can I!

(By Bethel)

When Jesus was a little boy (hold hand low as if measuring)
His hands and feet were small. (Hold up hands and stomp feet.)
He couldn't reach the top shelf (reach up high)
For he wasn't very tall. (Pat top of head.)
But he always did just what was right (fold hands in lap)
From morning 'til day was done.
(Yawn and stretch, and then lay head on hands.)
For Jesus was more than just a boy (hold hand low as if measuring)
He was God's own special Son! (Hug self.)

And just like Jesus, I am small (pat head)
With little hands and feet. (Hold up hands.)
It's hard to reach the top shelf (reach up high)
And to sit still in my seat. (Wiggle around.)
But I'll do my best to do what's right (fold hands in lap)
To make my Father smile. (Point to heaven.)
For I am more than just a kid (pat head)
I'm God's own special child! (Hug self)



**Kleur die prent mooi in.**

# Les 4
## Kinderbybel bladsy 224 - 225
## Jesus word gedoop - Jesus en Sy vriend

1. Blaai saam met die kinders na bl. 224 in die Kinderbybel.
   - Maak seker dat elke kind ‘rbybel het en by die regte bladsy oop is.
   - Hierdie is waarskynlik die belangrikeste deel van die les.
   - Die kinders leer dat die Bybel gesaghebbend in ons lewens is en dat dit sentraal is in die Bybelskool.
   - Lees/vertel nou die verhaal(e) tot by bl. 225 vir die kinders en laat hulle omblaai soos jy met die verhaal vorder.
   - Verwys na die prente.
   - As jy ‘n klas het waar die kinders reeds kan lees, laat hulle ‘n sin of twee lees.


2. Vertel die verhaal oor.
   - Gee nou die kinders die geleentheid om die verhaal in hulle eie woorde oor te vertel.

3. Vasleggingsgeleenthede
   - Onthou dat daar elke week meer as een vasleggingsgeleentheid is.
   - Jy hoef nie almal te doen nie. Die idee is dat jy jou klas leer ken en later weet watter tipe vasleggingsgeleenthede die beste vir hulle sal werk. Elke klas verskil.

3.1 Onderaan is ‘n prent van Johannes wat Jesus gaan doop. Voltooi die tekening deur die kolletjies in die regte volgorde te verbind.

3.2 Papierduiwe
- Aan die einde van die les is ‘n blad met ‘n duifgesiggie, vlerke en ‘n stert.
- Maak vir elke kind ‘n afskrif.
- Laat hulle dit inkleur en uitknip en dit op ‘n toiletrolletjie plak.
- Indien jy nie toiletrolle het nie, kan jy rolletjies van papier maak.


3.3 Wat is die doop?
- Aan die einde van die les is ‘n plakkaat met prente wat gaan help om die doop te verduidelik.
- Maak ‘n afskrif (verkieslik A3), plak dit teen die muur en verwys die heeltyd daarna terwyl jy die doop verduidelik.
- Wat is die dogtertjie besig om met die koekie te doen? (Te doop.)
- Wat gebeur as jy die koekie in die melk doop? (Die koekie suig die melk op, net soos ‘n spons water opsuig as jy dit daarin druk.)
- Jy kan koekies en melk saam neem of anders sponsies en water en die kinders kans gee om water in hulle sponsies te laat opsuig.
- Verwys na die prent van die seuntjie met die teddiebeer. Vra hulle of dit ‘n regte beer is. (Nee, dit is net ‘n beeld van ‘n beer. Wanneer ons met water gedoop word, is dit ‘n beeld van Jesus wat ons doop. Jesus doop ons my Sy Gees. Net soos die koekie die melk opsuig en vol melk maak, maak Jesus ons lyfies vol van Sy Gees.





Name ____________________________________________



© 2000 CRI • 4150 Belden Village Street • 4th Floor • Canton Ohio 44718 • 1 800 992-2144







**Die Doop**









Water = ‘n beeld van Jesus wat jou sondes afwas

= ‘n beeld van God se Gees wat in jou kom bly

Spons = Jy

Water = God se Gees

Jesus het jou met God se Gees gedoop.

Net soos die water om die spons is en ook binne in die spons is, is God se Gees reg rondom jou en ook binne in jou.

God se Gees was jou nie net aan die buitekant nie, maar ook aan die binnekant, sodat jy kan ophou sonde doen.



**Kleur die prent mooi in.**

## Les 5
### Kinderbybel bladsy bl. 226 - 227
### Die vyand van God versoek Jesus

1. ‘n Toets van gehoorsaamheid en selfbeheersing.
   - Sit ‘n paar koekies of lekkers in ‘n bakkie in die klas neer.
   - Sê vir die kinders dat jy hulle gou vir ‘n rukkie alleen gaan los, maar dat hulle nie van die koekies/lekker moet eet nie.
   - Kom na ‘n rukkie terug en vra hulle dan die volgende vrae.
   - Wie was gladnie lus vir die eetgoed nie.
   - Wie wou dit baie graag eet, maar het nie.
   - Wie kon hulleself nie keer nie en het wel van dit geëet?


2. Reëls by die huis.
   - Vra vir die kinders wie van hulle reëls by die huis het.
   - Vra hulle om ‘n paar van die reëls op te noem.
   - Wie van hulle is soms lus om van hierdie reëls te oortree?
   - Wie van hulle oortree soms die reëls as hulle weet hulle word nie gesien nie?

3. Versoeking
   - Help hulle met behulp van die bogenoemde voorbeelde om die woord *versoeking* te verstaan.
   - Help die kinders om bietjie te gesels oor versoekings soos om iemand terug seer te maak, geld te vat as jy sien iemand laat val dit, om te jok, om iets te vat as jy dit baie graag wil hê, om iets leliks te doen omdat almal dit doen en jy nie wil uitvoel nie…
   - Dalk kan jy hulle twee-twee in spanne opdeel en die spanne kans gee om voorbeelde uit te dink waar ‘n mens versoek kan word.

4. Jesus se wonderkrag
   - Bepreek Jesus se wonderkrag met die kinders.
   - Jesus kan enige iets doen wat Hy wil.
   - Gee die kinders geleentheid om te sê wat hulle sou doen as hulle wonderkrag gehad het.
   - Sou hulle dit dalk soms vir verkeerde redes gebruik het, soos om iemand terug te kry wat hulle seergemaak het, om ryk te word, om wonders voor ander kinders te doen sodat die ander kan dink hulle is “cool”…

5. Bybellees
   - Laat die kinders hulle Kinderbybels by bl. 226 oopmaak en lees/vertel dan bl. 226&227. Sê vir die kinders dat jy vir hulle vrae oor die storie gaan vra en dat hulle dus mooi moet luister.
   - Vra vir die kinders die volgende vrae.
   - Waarom het Jesus woestyn toe gegaan? (Om te bid)
   - Wie het Jesus daar in die woestyn gekry? (God se vyand/duiwel)
   - Waarom het die duiwel Jesus versoek? (Hy wou Jesus uitvang om Sy krag op verkeerde manier te gebruik.)
   - Wat was die eerste versoeking? (Om klippe in brood te verander.)
   - Wat was die tweede versoeking? (As Jesus die duiwel koning noem, sal hy al die koninkryke vir Jesus gee.)
   - Wat was die derde versoeking? (Die duiwel wou hê Jesus moet van die dak af spring.)
   - Die volgende vraag se antwoord is nie in die Kinderbybel nie, maar kyk of daar van hulle is wat dit weet. Jy kan dit dan ook ‘n bietjie bespreek.

- Waarmee het Jesus, elke keer, die duiwel geantwoord? (Teksverse uit die Bybel. As ons die duiwel se versoekings wil kan teenstaan, help dit baie as ons die Bybel ken, sodat ons ook teksverse kan opsê.)
- Vra vir die kinders wat die ooreenkoms is tussen punt 1 tot 4 en vandag se Bybelverhaal. Waarom het jy aan die begin die eetgoed in die klas gelos en uitgeloop?




**Kleur die prent mooi in.**


# Les 6
## Kinderbybel bladsy
## Hersiening

1. Blaai saam met die kinders deur die Bybelverhale vanaf bladsy 210 tot 227 en laat die kinders die verhale vertel deur slegs na die prente te kyk.


2. Speel weer van die speletjies of doen van die aktiwiteite van les 1 tot 5 wat die kinders baie geniet het.











Les 5

# Les 7

### Kinderbybel bladsy 228 - 230

### Die eerste dissipels - So vang mens vis

1. Blaai saam met die kinders na bl. 228 in die Kinderbybel.
   - Lees/vertel nou die verhaal(e) tot by bl. 230 vir die kinders en laat hulle omblaai soos jy met die verhaal vorder.
   - Verwys na die prente.

2. Vertel die verhaal oor.
   - Gee nou die kinders die geleentheid om die verhaal in hulle eie woorde oor te vertel.

3. Vasleggingsgeleenthede
   - Onthou dat daar elke week meer as een vasleggingsgeleentheid is.
   - Jy hoef nie almal te doen nie.

3.1 Onderaan is ‘n prent van Jesus se dissiples wat baie vis vang. Voltooi die tekening deur die kolletjies in die regte volgorde te verbind.

3.2 Vang vis
- Aan die einde van die les is ‘n bladsy met vissies op.
- Knip hulle uit.
- Neem skuifspelde en buig ringetjies uit hulle en druk ‘n ringetjie deur elke vissie se snoet.
- Neem ‘n stok, bind ‘n tou aan een punt, maak ‘n hakie uit ‘n skuifspel en bind dit aan die punt van die tou vas.
- Laat die kinders vissies vang.
- Jy kan tyd neem of meer as een vistok maak en hulle teen mekaar laat visvang.


3.3 Speletjie/bespreking
- Kies een kind om voor te staan.
- Die res van die kinders probeer kyk wie die slegste kan dans.
- Die voorste kind kies wie die slegste dans.
- Kies weer ‘n kind om voor te staan.
- Die res van die kinders kry nou kans om elkeen ‘n flougrappie te vertel.
- Die voorste kind kies die flouste grappie.
- Verduidelik aan die kinders dat die kinders wat die Ou Testament uit hulle kop kon opsê, mag aansoek gedoen het om by ‘n Joodse Rabbie (dominee) ‘n dissipel te word.
- Die kinders wat dit nie kon regkry nie, het dan gewoonlik by hulle pa’s geleer om dieselfde werk as hulle pa’s te begin doen.
- Jesus het dus nie die bestes gekies om Sy dissiples te word nie. Hy kies jong vissermanne.
- Wat sê dit van Jesus?
- Jesus gee nie om of ons baie of min talente het nie. Hy gebruik ons net soos ons is. Hy kies dinkwels die mense wat ons nie sou kies nie. Jy kan dus nóót dink dat dat jy te sleg is vir God om te gebruik nie.

3.4 Lees Matt. 4: 18&19 uit die normale Bybel.

- Laat die kinders die volgende verkorte weergawe uit hulle kop leer:

Matt. 4: 19 Jesus maak ons vissers van mense.

- Vra vir hulle of hulle verstaan wat Jesus bedoel het, toe Hy vir die dissipels gesê het dat Hy van hulle vissers van mense gaan maak.
- Vra vir die kinders of hulle ook, vir Jesus, vissers van mense wil wees.
- Vra vir hulle of hulle weet hoe 'n mense mense vir Jesus vang.
- Jy kan voorbeelde gee soos:
    - wanneer jy vir mense vertel wie Jesus is.
    - wanneer jy vir jou maats vertel hoe jy vir Jesus vra om jou te help om op te hou om lelik te wees met ander mense.
    - wanneer jy vir jou maats vertel hoe jy met Jesus gesels.
    - wanneer jy vir jou maats aanmoedig om ook die Bybel te lees.
    - …





**Kleur die prent mooi in.**


## Les 8
### Kinderbybel bladsy 230 en 231
### Daar is niks meer wyn nie

1. Lees die verhaal op bl. 230 en 231 vir die kinders en vra dan die volgende vrae:
   - In watter dorp was die troue? (Kana)
   - Wat het die bruidegom halfpad deur die fees agtergekom? (Die wyn was besig om op te raak.)
   - Wie het vir Jesus van die probleem gaan vertel? (Maria, Jesus se ma.)
   - Wat het Jesus vir haar geantwoord? (Maar waarom sê u dit nou vir my? U weet dat dit nog nie tyd is vir My om wonderwerke te begin doen nie.)
   - Wat doen Maria toe? (Sy het in elk geval 'n dienskneg geroep en om te doen wat Jesus hom beveel.)
   - Wat het Jesus vir die dienskneg gesê om te doen? (Hy moes 6 kanne vol water maak.)
   - Wat het met die water gebeur? (Dit het in wyn verander.)

2. Laat die kinders die verhaal mooi in volgorde oorvertel.

3. Vasleggingsgeleenthede

3.1 Jesus hou ook van ons partytjies en feeste.
- Vra vir die kinders wie van hulle al by 'n troue was.
- Is troues lekker partjies of is dit bietjie vervelig vir kinders?
- By watter ander geleenthede hou ons ook partytjies? (Wanneer iemand verjaar, wanneer jou span gewen het, wanneer iemand vir baie jare by 'n plek gewerk het en dan aftree…
- Laat die kinders partytjiehoedjies maak deur kegels uit papier te rol, die oopkante gelyk te knip en rekkies daaraan vas te maak of kyk na die onderstaande prentjies.




- Laat die kinders die partytjiehoedjies opsit.
- Gesels met die kinders daaroor dat elke deel van ons lewe vir Jesus belangrik is.
- Hy is nie net by ons as on in die kerk is of wanneer ons bid nie.
- Hy is ook by ons wanneer on lag en speel en partytjie hou.
- Laat die kinders "Veelsgeluk liewe maatjie" sing.
- Vra vir hulle of hulle al ooit mooi gedink het oor die woorde wat ons vir mekaar sing wanneer ons verjaar.

Veelsgeluk liewe maatjie omdat jy verjaar.<br>
**Mag die Here jou seën en nog baie jare spaar.**

- Dit is 'n gebedjie wat ons vir mekaar sing.

- Ons weet ons mag vir mekaar ‘n gebed sing, want ons weet ons partytjies is vir Jesus belangrik.
- Hy geniet dit wanneer ons gelukkig is.
- Jy kan so ver gaan as om selfs vir die kinders ‘n koek saam te neem.

3.2 Blokkiesraaisel

- Aan die einde van die les is ‘n blokkiesraaisel wat die kinders kan voltooi.

**Dwars**

1. Natanael se tuisdorp. (Kana)
2. Wanneer ‘n man en vrou belowe om vir altyd bymekaar te bly. (trou)
3. Wie het raakgesien dat die wyn besig was om op te raak? (Maria)
4. Hulle moes ses daarvan vol water maak. (Kanne)
5. Water verander in … (wyn)

**Af**

1. Die mense wat genooi is. (gaste)
2. As die wyn .., het dit beteken dat die troue vroeg moes eindig. (opraak)
3. Jesus het vir Maria geantwoord en gesê dit is nog nie sy tyd om … te doen nie. (wonderwerke)

3.3 Jesus kan dinge verander


- Neem ‘n glas water en drup ‘n paar druppels voedselkleursel daar in.
- Verduidelik aan die kinders dat ons net die kleur van die water verander het, maar dat Jesus iets wat gewoon is, byvoorbeeld water, in iets beter kan verander, soos wyn.
- In die Bybel is wyn ‘n teken van medisyne, met ander woorde iets wat kan gesondmaak asook Jesus se bloed aan die kruis wat ons sondes weg was.
- Net soos wat Jesus water in wyn kan verander, so kan Hy ook mense wat lelike goed doen en mekaar seermaak, verander in mense wat mooi dinge doen en mekaar liefhet.


**Dwars**

1. Natanael se tuisdorp.
2. Wanneer ‘n man en vrou belowe om vir altyd bymekaar te bly.
3. Wie het raakgesien dat die wyn besig was om op te raak?
4. Hulle moes ses daarvan vol water maak.
5. Water verander in …

**Af**

1. Die mense wat genooi is.
2. As die wyn .., het dit beteken dat die troue vroeg moes eindig.
3. Jesus het vir Maria geantwoord en gesê dit is nog nie sy tyd om … te doen nie.





**Kleur die prent mooi in.**

# Les 9
## Kinderbybel bladsy 234 - 235
## Hy is die Lewende Water - Die vrou by die put

1. Lees bl. 234 en 235 saam met die kinders en laat hulle dan die verhaal vir jou oorvertel.

2. Water was ons skoon.
   - Neem ‘n bakkie water, seep en ‘n handdoekie saam.
   - Laat die kinders hulle hande was.

3. Water gee plante lewe.
   - Neem ‘n plantjie saam klastoe.
   - Vra vir die kinders wat met die plant sal gebeur as dit nooit water kry nie. (Sal doodgaan.)
   - Die water gee dus vir die plant lewe.

4. Water neem ons dors weg.
   - Kyk wie ‘n glasie water die vinnigste kan opdrink.
   - Vra vir die kinders wie van hulle al baie dors was en dan baie water gedrink het. (Dalk is daar van hulle wat ‘n storie of twee wil vertel van wanneer hulle baie dors was.)
   - Vra vir hulle of hulle dink dat ‘n mens so baie water op een slag sal kan drink dat ‘n mens nooit in jou lewe weer sal dors word nie.
   - Vra vir die kinders of hulle verstaan wat Jesus bedoel as Hy sê dat Hy die Lewende Water is. Kyk of daar van hulle is wat dit op hulle manier wil probeer verduidelik.
   - Les 4, oor de doop, sal ons help om dit beter te verstaan.

5. Die doop
   - Herinner die kinders weer aan les 4, bl. 224 en 225, wat oor die doop gaan.
   - Verwys na die prente wat julle tydens les 4 teen die muur geplak het.
   - Maak seker die kinders verstaan nog wat die betekenis van die water is.
   - Ons kan Jesus met lewende water vergelyk.
   - Hy was ons sonde weg. Hy gee vir ons ‘n beter lewe, sonder sonde.
   - Jesus maak ons vol van die Heilige Gees (soos ‘n sponsie vol water of ‘n koekie vol melk).
   - Die Heilige Gees bly binne in ons en maak ons lief vir mense.
   - Die Heilige Gees verander ons gedagtes (brein) sodat ons ophou om ander mense seer te maak.



**Kleur die prent mooi in.**

# Les 10
## Kinderbybel bladsy 236
## Vier mans op die dak

1. Laat die kinders hulle Kinderbybels op bl. 236 oopmaak. Lees die verhaal saam met die kinders en laat hulle dit vir jou oorvertel.

2. Pasmaats
   - Aan die einde van die les is ‘n blad vol prentjies.
   - Maak vir elke kind ‘n afskrif.
   - Laat hulle die prente aan die linkerkant verbind met die regte prente aan die regterkant.
   - Hulle gaan dit makliker regkry indien hulle die storie vir hulleself vertel terwyl hulle die regte prente met mekaar probeer verbind.
   - Die volgende hoort bymekaar.

     Jesus en baie mense.
     Dak en tou.
     Mens wat by die deur instorm en man wat op dak probeer klim.
     Jesus wat man genees en man wat genees is en op en af spring van blydskap.
     Vriende en man op draagbaar.

3. Help jou vriende om by Jesus uit te kom.
   - Aan die einde van die les is ‘n blad met ‘n doolhof.
   - Maak vir elke kind ‘n afskrif en laat hulle die regte pad, met ‘n potlood trek.

4. Speletjie
   - Neem ‘n stoel en plaas dit aan die eenkant van die vertrek.
   - Die kinders moet hulle indink dat Jesus daar sit.
   - Kies 2 kinders.
   - Die een kind moet die ander kind aan die arm neem en hom na Jesus lei.
   - Die res van die kinders moet hulle probeer keer.
   - Die twee wat na Jesus to oppad is moet dus deur die res beur.
   - Gee ander kinders ook ‘n kans om te probeer.
   - Vra vir die seuns om nie te rof te wees en mekaar seer te maak nie.


5. Bespreking: Lei jou maats na Jesus toe.
   - Dink die kinders dat die verlamde man se vriende geglo het dat Jesus hulle kon help?
   - Waarom sê hulle so?
   - Vra vir die kinders of hulle dink die verlamde man se vriende was goeie vriende?
   - Waarom sê hulle so?
   - Hoe baie moeite dink die kinders sal hulle doen om hulle maats by Jesus uit te kry?
   - Behalwe dat Jesus mense kan gesond maak, waarmee anders kan Hy mense help? (Verwys na les 4 se prente oor die doop asook les 9 en help hulle om weer uit te kom by Jesus wat ons sonde kan wegneem en ons kan help om beter mense te word.)
   - Onthou hulle nog les 7? Matt. 4: 19 Jesus maak ons vissers van mense.
   - Onthou hulle nog wat Jesus bedoel het, toe Hy vir die dissipels gesê het dat Hy van hulle vissers van mense gaan maak?
   - Onthou hulle nog hoe ‘n mense mense vir Jesus vang.
     - wanneer jy vir mense vertel wie Jesus is.
     - wanneer jy vir jou maats vertel hoe jy vir Jesus vra om jou te help om op te hou om lelik te wees met ander mense.
     - wanneer jy vir jou maats vertel hoe jy met Jesus gesels.


    - wanneer jy vir jou maats aanmoedig om ook die Bybel te lees.
- Die verlamde man se vriende het baie moeite gedoen om hulle vriend by Jesus te kry, want hulle het geglo Jesus kan hom help.
- As jy regtig glo dat Jesus jou maats ook kan help deur van hulle ook beter mense te maak, waarom doen jy nie meer moeite om hulle na Jesus toe te neem nie?

# Wat hoort by wat?

## Trek lyntjies van links na regs van die prentjies wat bymekaar hoort


















© Can Stock Photo - csp27812705





# Neem jou maats na Jesus toe.









**Kleur die prent mooi in.**

# Les 11

## Kinderbybel bladsy 241
## Die twaalf word gekies

1. Laat die kinders hulle Kinderbybels op bl. 241 oopmaak. Lees die verhaal en laat die kinders dit in hulle eie woorde oorvertel.

2. Help Jesus om Sy dissipels te kies.
   - Aan die einde van die les is ‘n blad met Jesus in die middel en ‘n klomp moontlike dissipels om hom.
   - Maak vir elke kind ‘n afskrif.
   - Laat hulle die gekronkelde strepe vanaf Jesus volg om te sien by wie hulle uitkom.
   - Omkring dan die mannetjie (dissipels) by wie dit uitkom. Daar moet twaalf wees.

3. Speel skool-skool
   - Gee die kinders een-een kans om hulle onderwysers by die skool te na-aap.
   - Die kinders kan aan die einde kies wie hulle onderwyser die beste nagemaak het.

4. Wat beteken die woord *dissipel*?
   - Vra vir die kinders of hulle weet wat die woord *dissipel* beteken.
   - Sê vir hulle dat die skool-skool aktiwiteit ‘n leidraad is.
   - Die woord dissipel beteken leerling of leerder.
   - Jesus se dissipels was dus sy leerders en Hy was hulle onderwyser.
   - As jy ‘n dissipel van Jesus is, is jy ‘n leerder van Jesus. Jesus is dus jou onderwyser.

5. Jesus gebruik soms ‘n klaskamer.
   - Help die kinders om plekke uit te dink waar Jesus ons binne-in ‘n klaskamer leer.
   - Byvoorbeeld as ons kerk toe gaan, Bybelskool toe gaan, sommige saalopeninge by die skool, soms as juffrou by die skool ‘n Bybelverhaal lees…

6. Jesus is ook ons onderwyser buite die klaskamer.
   - Jesus was dag en nag saam met Sy dissipels.
   - Hulle het saam van dorp tot dorp getrek en waarskynlik baie, saam in die veld geslaap.
   - Jesus was dus dag en nag hulle onderwyser.
   - Kan die kinders aan voorbeelde dink waar Jesus ons onderwyser buite die klaskamer is.
   - Byvoorbeeld wanneer ons saans Bybellees en bid voor ons gaan slaap, wanneer ons aan ‘n Bybelverhaal dink wat ons gehoor het, wanneer ons onthou wat die dominee of iemand anders oor die Bybel gesê het, wanneer ons TV kyk en dan herinner die storie ons aan iets wat in die Bybel staan.
   - Aan die einde van die les is ‘n plakkaat wat dit mooi uiteensit. Maak ‘n A3 afskrif en plak dit in die klas op.
   - Ons gaan dit weer in die toekoms gebruik.

**Kyk of jy kan sien watter van die mannetjies Jesus se twaalf dissipels is.**

Trek sirkeltjies om die dissipels wat Hy gekies het.



# Ons is Jesus se dissipels.
# Hy is ons onderwyser.







Hy leer my
wanneer ek Bybellees
en bid.




Hy leer my
wanneer ek TV kyk en dit
laat my aan 'n
Bybelverhaal dink.




**Kleur die prent mooi in.**


# Les 12
## Kinderbybel bladsy 228 - 241
## Hersiening

Blaai saam met die kinders deur die Bybelverhale vanaf bladsy 228 tot 241 en laat die kinders die verhale vertel deur slegs na die prente te kyk.

Speel weer van die speletjies of doen van die aktiwiteite van les 7 tot 11 wat die kinders baie geniet het.











Les 11

# Les 13
## Kinderbybel bladsy 242
## Ware geluk & Weet julle hoe om sout te wees?

1. Wat het hulle by die skool geleer?
   - Vra vir die kinders wat hulle die afgelope week by die skool geleer het.
   - Vra of daar van hulle is wat dit vir die res van die klas wil leer.
   - Laat die kind voor kom staan en sê aan die klas dat hy/sy nou vir ‘n oomblik die onderwyser gaan wees.
   - Kan hulle nog onthou wat die woord *dissipel* beteken? (Leerder. Jesus is ons onderwyser en ons is Sy leerders.)

2. Laat die kinders hulle Kinderbybels op bl. 242 oopmaak.
   - Moet nog nie die twee gedeeltes lees nie.
   - Wys die prent in die Bybel vir die kinders en vra of hulle kan sien hoe Jesus die mense se onderwyser is.
   - Hy is besig om hulle te leer.

3. Verys na Les 11 se plakkaat wat Jesus as ons onderwyser voorstel.
   - Bespreek die plakkaat.
   - Kan hulle nog onthou waar Jesus oral kans kry om ons onderwyser te wees?
   - Wanneer ons saans Bybellees en bid voor ons gaan slaap, wanneer ons aan ‘n Bybelverhaal dink wat ons gehoor het, wanneer ons onthou wat die dominee of iemand anders oor die Bybel gesê het, wanneer ons TV kyk en dan herinner die storie ons aan iets wat in die Bybel staan…

4. Bybellees
   - Voor jy begin lees, moet jy vir die kinders sê dat jy hulle na die tyd gaan vra wat Jesus vir die mense geleer het.
   - Lees nou die twee gedeeltes op bl. 242.

5. Wat leer Jesus vir ons?
   - Wie het Jesus gesê is regtig gelukkig? (Die swak mense en die mense wat afhanklik van God is. Verduidelik wat afhanlik beteken. Vergelyk dit met hulle wat afhanklik van hulle pa’s en ma’s is.)
   - Wie is volgens God die kosbaarste? (Die arm mense.)
   - Wie is die spesiale mense in die lewe? (Die mense wat hartseer is en saggeaard is.)
   - Waaroor moet ‘n mens bly wees? (Wanneer iemand lelik is met jou omdat jy in Jesus glo.)
   - Waar gaan ons eendag beloon word? (In die hemel.)
   - Wat het Jesus gesê hoe kan ‘n mens sout wees? (Deur van die aarde ‘n besondere plek te maak deur vredemakers te wees en ouers wat met hulle kinders speel.
   - Hoe keer ‘n mens dat vleis vrot word? (Deur sout op te gooi.)
   - Wat doen die sout aan die kos se smaak? (Dit laat dit lekkerder smaak.)
   - Gee ‘n paar voorbeelde hoe ons die wêreld beter kan laat smaak. (Deur mekaar te help, deur met maats te gesels wat alleen is, deur mamma en pappa in die huis te help met skottelgoed of sulke take, deur die stout kinders (wat altyd raas kry) in die skool te laat voel dat hulle ook belangrik is…)
   - Dit is dalk ‘n goeie plan om die vrae meer as een keer deur te gaan om seker te maak hulle weet wat Jesus ons leer.



**Kleur die prent mooi in.**

## Les 14

### Kinderbybel bladsy 248 - 249

### Om saad te saai - Om op die regte plekke te saai


1. Laat die kinders hulle Bybels op bl. 248 oopmaak.
   - Vra vir die kinders wie van hulle van stories hou.
   - Verduidelik dat Jesus baie keer stories gebruik wanneer hy ons goed leer.
   - Vandag gaan ons een van Jesus se stories lees en dan saam dink oor wat Jesus vir ons deur die storie wil leer.

2. Lees nou eers net bl. 248.
   - Vra die volgende vrae: (Jy gaan die storie waarskynlik ‘n paar maal moet lees.)
   - Waar het die eerste saad geval? (Langs die pad.)
   - Wat het met dit gebeur? (Die voëls het dit opgepik.)
   - Waar het die tweede klomp saad geval? (Op die klipbanke.)
   - Wat het met daardie saad gebeur? (Die son het dit verskroei.)
   - Wat het met die derde lost saad gebeur? (Dit het tussen die onkruid geval.)
   - Wat het met hierdie saad gebeur? (Die onkruid het dit verstik.)
   - Wat het met die vierde klomp saad gebeur? (Dit het in die goeie grond geval.)
   - Wat het met hierdie saad gebeur? (Dit het groot en sterk plante geword en ‘n groot oes gelewer.)
   - Laat die kinders nou die storie oorvertel.

3. Lees nou bl. 249.
   - Wat is die saad? (Die lesse wat Jesus ons leer. Verwys na les 11 se plakkaat waar Jesus ons onderwyser is.)
   - Nie almal luister na wat Jesus vir ons leer nie.
   - Ons breine moet soos goeie grond wees sodat Jesus se saadjies, die goed wat Hy ons leer, in ons breine kan groei sodat ons beter mense raak wat agterkom wanneer ons ander mense seermaak en jammer is daaroor en vir Jesus kans gee om ons te verander.

4. Doolhof
   - Aan die einde van die les is ‘n doolhof aktiwiteit.
   - Maak vir elke kind ‘n afskrif en laat hulle die regte pad vind sodat Jesus se saad by ons kan uitkom.

**Watter pad moet Jesus se saad volg om by ons uit te kom?**



Les 14



**Kleur die prent mooi in.**

# Les 15
## Kinderbybel bladsy 252 - 255
## Die kalmte - Die ander kant

1. Laat die kinders hulle Kinderbybels op bl. 252 oopmaak.
   - Lees/vertel die gedeelte *Die Kalmte* soos dit op bl. 252 geskryf staan.
   - Vra die volgende vrae vir die kinders.
   - Waarom wou Jesus na die oorkant van die rivier gaan? (Hy was moeg. Hy wou bietjie wegkom van al die mense af.)
   - Wat het met die kalm see gebeur? (‘n Storm het opgekom.)
   - Moenie *Die Storm* gedeelte, op bl. 252 lees nie. Blaai na bl. 255 en begin lees by die gedeelte links van *Die Ander Kant.* Lees ook *Die Ander Kant.*
   - Vra die volgende vrae vir die kinders.
   - By wie het die dissipels hulp gesoek? (By Jesus.)
   - Wat het Jesus gedoen? (Hy het die storm beveel om stil te raak.)
   - Wat het toe gebeur? (Die storm het opgehou. Die see het weer kalm geraak.)
   - Vra die kinders om die verhaal nou in hulle eie woorde oor te vertel.


2. Vasleggingsgeleenthede.


2.1 Doolhof aktiwiteit.
- Aan die einde van die les is ‘n doolhof van ‘n stormsee na ‘n kalmsee.
- Maak ‘n afskrif vir elke kind.
- Laat die kinders die regte pad met ‘n potlood intrek.

2.2 Verbind die kolletjies.
- Aan die einde van die les is ‘n gedeeltelik voltooide prent van Jesus en Sy dissipels op die boot.
- Maak ‘n afskrif vir elke kind.
- Voltooi die prent deur die kolletjies in die regte volgorde te verbind.

2.3 Speletjie
- Aan die einde van die les is ‘n lys van bevele.
- Maak ‘n afskrif, knip hulle uit, vou hulle toe en gooi hulle in ‘n houer.
- Gee vir die kinders een-een kans om ‘n papiertjie uit die houer te neem, dit te lees en dan te doen wat die papiertjie vir die betrokke kind sê om te doen.
- Kinders wat nog nie kan lees nie kan die papiertjie vir jou bring en dan fluister jy in hulle ore wat daarop geskryf staan.
- Bespreek dan die speletjie.
- Waarom het party van die bevele nie gebeur nie?
- Waarom het die weer (storm) dan na Jesus geluister? (Want Hy is God.)
- Tog mag ons vir God hulp vra. Wanneer ons vir God hulp vra, doen Hy soms wonderwerke deur ons.
- Lees Jak. 4: 3 uit die gewone Bybel.
- Jesus sê baie dinge wat ons vir God vra, gebeur nie omdat ons geloof te klein is.
- Jak. 4: 3 sê ook ons ontvang nie altyd wat ons vir God vra nie omdat ons gebede selfsugtig is. Ons wil net die heeltyd goed vir onsself hê en dink nie aan die mense om ons nie.
- Ons kan vir God enige iets vra, maar ons kry nie altyd waarvoor ons vra nie - net soos ons nie altyd alles kry wat ons vir Pappa en Mamma vra nie. Ons verstaan nie altyd waarom nie en dit is soms moeilik om te verstaan.

## Laat die stormsee by die stilsee uitkom





Sê vir een van jou maats om op sy een beentjie te staan.

Sê vir een van jou maats om soos ‘n hond te blaf.

Sê vir een van jou maats om te maak of hy/sy ‘n sanger is.

Sê vir een van jou maats om soos ‘n padda te spring.

Sê vir die lug om te begin reën.


Sê vir die wind om hard te begin waai.

Sê vir die donderweer om te begin raas.

Sê vir een van jou maats om soos ‘n voël te vlieg.

Sê vir die lug om baie warm te word.

Sê vir die lug om baie koud te word.



**Kleur die prent mooi in.**

## Les 16
### Kinderbybel bladsy 261
### Die swak koning

1. Dans (sommer net ‘n bietjie pret)

- Nie al die kinders sal dit doen nie, maar dalk werk dit met die jonger kinders.
- Laat hulle ‘n bietjie dans voor jy die Bybelverhaal lees.
- Hulle kan sommer net dans of jy kan die verhaal bietjie uitbeeld met ‘n koning en gaste. Dalk wil hulle twee-twee ‘n dansie uitwerk. Jy ken jou klas en weet wat sal werk en wat nie.
- Lees dan die Bybelverhaal en vra hulle wat die dans met die les te doen het.

2. Laat die kinders hulle Kinderbybels op bl. 261 oopmaak.

- Lees die verhaal saam met die kinders.
- Laat hulle die verhaal in hulle eie woorde oorvertel.

3. Vasleggingsgeleenthede.

3.1 Blokkiesraaisel

- Aan die einde van die les is ‘n blokkiesraaisel.
- Maak ‘n afskrif vir elkeen en laat hulle dit voltooi.

**Dwars**

1. Johannes die … (doper)
2. Die vrou wat vir Johannes wou laat doodmaak. (Herodias)
3. Hoe het Jesus gevoel toe Johannes dood is? (hartseer)
4. Die koning wou nie vir Johannes laat … nie. (doodmaak)

**Af**

1. Johannes was in die … (tronk)
2. Die koning wat vir Johannes in die tronk laat gooi het. (Herodes)
3. Hulle het vir Johannes se kop op ‘n … gevra. (skinkbord)
4. Herodus het na sy gaste gekyk en … gevoel. (swak)

3.2 Om skaam te voel

- Die Bybelverhaal vertel vir ons dat Herodus nie vir Johannes wou laat doodmaak het nie, maar hy was te swak om nee te sê. Hy was bang die mense by sy partytjie dink hy is ‘n swak koning as hy nie vir Johannes laat doodmaak nie.
- Daar was ‘n seun by die skool wat eendag, saam met die ander kinders sy vriend gespot het, omdat hy bang was die ander kinders gaan nie van hom hou as hy dit nie ook doen nie. Het julle al so iets sien gebeur?
- Eendag het ‘n meisie by die skool, saam met die ander kinders, vir haar maatjie gelag toe sy haar mondeling se woorde vergeet het, want sy was bang die ander kinders gaan lelik wees met haar as sy nie saam lag nie. Het julle al so iets sien gebeur?
- Kyk of die kinders ook voorbeelde kan gee van wanneer hulle of iemand anders te swak, bang of skaam was om die regte ding te doen.
- Soms is dit moeilik om die regte ding te doen, want jy’s te swak, bang of skaam om dit te doen.
- Gelukkig weet ons dat ons dit nie alleen hoef te probeer regkry nie. As Herodus op God vertrou het en Hom gevra het vir hulp, sou hy dalk sterk genoeg gewees het om vir sy vrou se dogter nee te sê en nie vir Johannes laat doodmaak het nie.
- Skryf die woorde, soms het jy hulp modig, op ‘n stuk papier. Plak dit, met wondergom,

hoog teen die muur (te hoog vir enige kind om by te kom, selfs as hulle op ‘n stoel staan). Vra vir die kinders om mekaar te help sodat hulle dit saam in die hande kan kry.

- Wanneer hulle, met mekaar se hulp, die papier in die hande gekry en gelees het, kan jy aan hulle verduidelik dat ons soms hulp nodig het wanneer ons te swak, bang of skaam is om die regte dinge te doen. Dan moet ons vir Jesus vra om ons te help.
- Gee die kinders kans om te bid en vir Jesus te vra om hulle te help om die regte ding te doen wanneer hulle swak, bang of skaam is om dit te doen.
- Teksversvaslegging 2 Kor. 12: 9 Lees die teks vir die kinders in die gewone Bybel. Vereenvoudig dit soos volg en laat hulle dit met behulp van aksies aanleer.

2 Kor. 12: 9 God (maak ‘n kroon met jou vingers op jou kop) gee ons krag (wys jou spiere) wanneer ons swak is (buig vooroor en maak of jy swaarkry).


- Probeer om nooit na bo te wys wanneer jy na God, in ‘n teksvers verwys nie. Dit skep soms die idee dat God daar bo en ver weg van ons is, terwyl Hy mos inwerklikheid binne ons woon. Dit is dus beter om na Hom as ons Koning te verwys.

**Dwars**

1. Johannes die …
2. Die vrou wat vir Johannes wou laat doodmaak.
3. Hoe het Jesus gevoel toe Johannes dood is?
4. Die koning wou nie vir Johannes laat … nie.

**Af**

1. Johannes was in die …
2. Die koning wat vir Johannes in die tronk laat gooi het.
3. Hulle het vir Johannes se kop op 'n … gevra.
4. Herodus het na sy gaste gekyk en … gevoel.





**Kleur die prent mooi in.**

# Les 17

## Kinderbybel bladsy 262 tot 264

## Na ‘n stil plek - ‘n Seun se kos voed duisende

1. Laat die kinders hulle Bybels op bl. 262 oopmaak. Onthou asseblief dat hierdie ‘n baie belangrike deel van die les is. Op hierdie wyse poog ons om die kinders te leer om die Bybel as gesaghebbend in hulle lewens te aanvaar. Maak dus asseblief seker dat elke kind tot by die betrokke Bybelverhaal blaai.

- Lees die verhaal, soos dit op bl. 262 - 264 geskryf staan, saam met die kinders.

2. Stilspeletjie

- Verduidelik aan die kinders dat julle nou ‘n stilspeletjie gaan speel. Julle gaan kyk wie die langste kan stilbly. Dit sal waarskynlik nie heeltemal werk nie, want die kinders sal begin giggel en daar is ook mos maar gewoonlik ‘n grapmaker of twee in die klas wat geluide of grappies sal maak. Dit maak egter nie saak nie. Probeer dit vir ‘n oomblik.
- Vra nou vir die kinders met watter gedeelte van die Bybelverhaal die stilspeletjie te doen het. (Jesus en Sy dissiples wat na ‘n stil plek gegaan het.)
- Vra vir die kinders of hulle weet waarom Jesus en Sy dissiples na ‘n stil plek toe gegaan het.
- Vra vir die kinders of daar van hulle is wat weet wat die woord *stiltetyd* beteken. Verduidelik dat dit na ‘n mens se spesiale tyd saam met Jesus verwys.
- Verstaan die kinders wat ‘n partytjie is? ‘n Mens kan na ‘n maatjie se partytjie genooi word met wie ‘n mens nie eintlik goeie maats is nie. Jy kan die hele dag saam met al die kinders speel, maar nie eintlik een keer met die verjaarsdagmaatjie gesels nie. Om kerk of Sondagskool toe te gaan is soos om na Jesus se partytjies toe te kom. Jy kan gereeld na Jesus se “partytjies” toe gaan sonder om regtig met Hom te geselfs of tyd saam met Hóm te spandeer. Dit is dus belangrik om, wanneer jy alleen is, op jou eie, met Jesus te gesels.
- Wie van die kinders het lekker stories wat hulle wil vertel? Kyk of die kinders dit regkry om hulle oë toe te maak en, elkeen op sy eie, die storie eerder vir Jesus te vertel, as vir die klas. Jesus wil hê ons moet met Hom gesels en nie net altyd bid (formeel gesels) nie.

3. Wat hoort by wat?

- Aan die einde van die les is daar ‘n taakvel met prentjies. Maak vir elke kind ‘n afskrif en laat hulle die linkerkant se prentjies met die regte prentjie aan die regterkant verbind, met ‘n potlood streep.
- Die volgende hoort bymekaar:

| | | |
|---|---|---|
| Seuntjie | en | Mandjie met vissies en broodjies. |
| Bootjie | en | Meer. |
| Brood breek | en | Mandjies vol brood en vis. |
| Geld | en | Winkel. |
| Dissipels | en | Kos uitdeel. |

3. Verbind die kolletjies

- Aan die einde van die les is ‘n halfklaar vis wat die kinders kan voltooi deur die kolletjies te verbind en die prent in te kleur.
- Maak vir elkeen ‘n afskrif.

## Wat hoort by wat?

**Trek lyntjies van links na regs van die prentjies wat bymekaar hoort**


















© Can Stock Photo






a
b
c
d
e
f
g
h
i
j
k
l
m
n
o
p
q
r
s
t
u




**Kleur die prent mooi in.**

# Les 18
## Kinderbybel blasy 242 - 264
## Hersiening


Blaai saam met die kinders deur die Bybelverhale vanaf bladsy 242 tot 264 en laat die kinders die verhale vertel deur slegs na die prente te kyk.

Speel weer van die speletjies of doen van die aktiwiteite van les 13 tot 17 wat die kinders baie geniet het.

Les 14











# Les 19

## Kinderbybel bladsy 266 tot 269

## Jesus loop op die water - Petrus loop op die water

1. Laat die kinders hulle Bybels by bl. 266 oopmaak en lees eers nét hierdie bladsy.

2. Stilspeletjie

- Vra vir die kinders wat Jesus gedoen het, nadat hy vir die klomp mense kosgegee het. (Hy het na ‘n berg gegaan waar hy alleen kon bid.)
- Onthou die kinders nog die stilspeletjie wat hulle twee lesse gelede (les 17) gespeel het
- Speel dit gou weer.
- Kyk weer wie die langste kan stilbly.
- Onthou hulle nog wat die woord *stiltetyd* beteken. Dis ‘n mens se spesiale tyd saam met Jesus.
- Onthou die kinders nog wat ‘n partytjie is? ‘n Mens kan na ‘n maatjie se partytjie genooi word met wie ‘n mens nie eintlik goeie maats is nie. Jy kan die hele dag saam met al die kinders speel, maar nie eintlik een keer met die verjaarsdagmaatjie gesels nie. Om kerk of Sondagskool toe te gaan is soos om na Jesus se partytjies toe te kom. Jy kan gereeld na Jesus se “partytjies” toe gaan sonder om regtig met Hom te geselfs of tyd saam met Hóm te spandeer. Dit is dus belangrik om, wanneer jy alleen is, op jou eie, met Jesus te gesels.
- Wie van die kinders het lekker stories wat hulle wil vertel? Kyk of die kinders dit regkry om hulle oë toe te maak en, elkeen op sy eie, die storie eerder vir Jesus te vertel, as vir die klas. Jesus wil hê ons moet met Hom gesels en nie net altyd bid (formeel gesels) nie.

3.1 Lees nou bl. 267 en vra die volgende vrae:

- Wat het Johannes gedink sien hy? (‘n Spook.)
- Wie was dit toe aal die tyd? (Jesus)

3.2 Lees nou bl. 268 en vra die volgende vrae:

- Wie het eerste uitgeroep dat dit Jesus is? (Petrus)
- Wat wou Petrus hê moes Jesus vir hom vra om te doen? (Om ook op die water te loop.)
- Het Petrus dit reggekry om op die water te loop?
- Waarom dink julle het hy dit reggekry?

3.3 Lees nou bl. 269 en vra die volgende vrae:

- Waarom het Petrus begin sink?
- Wat het gebeur toe Petrus na Jesus toe uitroep terwyl hy sink? (Jesus het Sy hand uitgesteek en Petrus gegryp.)
- Wat het Jesus vir Petrus gesê? (“O, Petrus, Petrus! Waar is jou geloof? Hoekom het het jy getwyfel?”)

4. Vasleggingsgeleenthede:

4.1 Blokkiesraaisel

- Aan die einde van die les is ‘n blokraaisel.
- Maak vir elke kind ‘n afskrif en laat hulle dit invul.

**Dwars**

1. Waarin het die dissipels gery? (boot)
2. Wat het Johannes gedink sien hy? (spook)
3. Vir wie het Johannes gesien? (Jesus)

**Af**

1. Jesus het na ‘n berg toe gegaan en daar gaan … (bid)
2. Die dissipels het in ‘n … op die meer beland. (storm)
3. Die … het soos mure om die boot gestaan. (golwe)
4. Wie wou saam met Jesus op die water loop? (Petrus)
5. Wat het met hom gebeur toe hy begin twyfel? (sink)

4.2 Voltooi die prent.


- Aan die einde van die les is ‘n onvoltooide prent van Jesus wat op die water loop.
- Maak vir elke kind ‘n afskrif en laat hulle dit voltooi deur die kolletjies in die regte volgorde te verbind en dan in te kleur.


**Dwars**


1. Waarin het die dissipels gery?
2. Wat het Johannes gedink sien hy?
3. Vir wie het Johannes gesien?

**Af**

1. Jesus het na 'n berg toe gegaan en daar gaan …
2. Die dissipels het in 'n … op die meer beland.
3. Die … het soos mure om die boot gestaan.
4. Wie wou saam met Jesus op die water loop?
5. Wat het met hom gebeur toe hy begin twyfel?







**Kleur die prent mooi in.**

# Les 20
## Kinderbybel bladsy 271
## Die geloof van ‘n uitlander

1. Laat die kinders hulle Bybels op bl. 271 oopmaak en lees dan die verhaal saam met hulle. Vra vir hulle die volgende vrae:

- Wat wou die vrou by Jesus hê? (Haar dogtertjie was siek en sy wou hê Jesus moes haar gesondmaak.)
- Wat was die twee redes waarom Jesus nie dadelik die vrou gehelp het nie? (Hy wou uitvind hoeveel sy in hom glo en omdat sy nie ‘n Jood was nie - dit was nog nie die tyd om nie-Jode te leer en gesond te maak nie.)
- Wat het die dissipels gesê? (Stuur haar weg. Sy maak geraas.)
- Wie van julle verstaan wat Jesus bedoel het met: “Dit is nie mooi om die kinders van God se brood te vat en vir die hondjies te gooi nie.” (Jesus het op daardie stadium net onder die Jode gewerk. Dit was nog nie die tyd om onder die ander volke te werk nie.)
- Wat het die vrou bedoel toe sy sê: “Maar die hondjies eet darem van die krummels wat van hulle base se tafels afval.” (Die vrou is baie nederig. Sy vergelyk haarself met ‘n hondjie wat krummels onder ‘n tafel eet. Sy weet sy is nie ‘n Jood nie en verdien dus nie om deur Jesus gehelp te word nie, maar nogtans smeek sy vir haar dogtertjie se gesondheid.)
- Wat het die vrou gevind toe sy by die huis kom? (Haar dogtertjie was gesond.)
- Hierdie vrou het twee baie belangrike eienskappe gehad waarvan Jesus baie gehou het, naamlik nederigheid en geloof.
- Hoe weet ons sy het geloof gehad? (Sy het geglo dat Jesus haar kon help.)
- Wat beteken dit as ‘n mens nederig is? (Jy dink nie te veel van jouself nie. Jy dink nie jy is belangriker as ander mense nie.)

2. Nederigheid


- Laat elke kind aan een ding dik waarin hulle goed is.
- Gee vir elkeen ‘n beurt om dit te sê en dan by te voeg: “Jesus het vir my die talent gegee. Ek is nie belangriker as ander mense nie.”

3. Geloof

- Speel die *Ek glo in jou* speletjie.
- Jy benodig ‘n tandestokkie of enige stokkie so groot soos ‘n tandestokkie, asook ‘n ‘n muntstuk.
- Plaas die muntstuk op die grond aan die een ent van die klas en gee vir elke kind ‘n beurt om die munstuk, met die stokkie na die ander kant van die klas te slaan.
- Neem elkeen se tyd.
- Die res moet die persoon aanmoedig deur die heeltyd te skree: “Ons glo in jou (kind se naam)..!”
- Vra vir die kinders of hulle verstaan wat hulle bedoel het toe hulle geskree het “Ek glo in jou”. Help hulle om by iets soos volg uit te kom: As die afrigter mý vir die hokkie-, rugby- of netbalspan kies en sê: “Ek kies jou vir die span, want ek glo in jou.”, dan bedoel hy hy kies jou vir die span, want hy glo in wat jy kan doen. Hy glo jy kan goed genoeg hokkie, rugby of netbal speel. Wanneer ons sê ons glo in Jesus, dan beteken dit dat ons glo in wat Jesus kan doen. Ons glo Jesus kan van ons beter mense maak. Ons glo Jesus kan ons vol liefde maak. Ons glo Jesus kan ons help om op te hou om lelik te wees met ander mense.
- Lees 1 Tes. 3: 12 vir die kinders uit die Bybel. Ek het dit vereenvoudig na die onderstaande sin.
- Help hulle om die teks aan te leer.

- Hulle kan ‘n hartjie met hulle hande vorm as hulle die woord *liefde* sê, mekaar aan die skouer vat, ‘n handdruk of drukkie gee wanneer hulle die woorde *vir mekaar en vir alle mense* sê en hurk en maak of hulle groeie en hulle arms uitsprei terwyl hulle die woorde *laat groei* sê.

1 Tes. 3: 12 Laat Jesus julle liefde vir mekaar en vir alle mense laat groei.



**Kleur die prent mooi in.**

**Les 21**
**Kinderbybel bladsy 277**
**Kinders is die belangrikste - Nie alleen nie**

1. Laat die kinders hulle Bybels op bl. 277 oopmaak. Vra die volgende vrae:
   - Wie het al gedink hy is ‘n goeie Christen?
   - Wie het al gedink:
     - Ek ken die Bybelverhale baie goed, so ek is ‘n goeie Christen.
     - Ek kan baie mooi bid, so ek is ‘n goeie Christen.
     - Ek gaan elke week kerk toe en Bybelskool toe, so ek is ‘n goeie Christen.
   - Lees die eerste twee sinne van vandag se Bybelverhaal vir die kinders:

Die dissipels het saam met Jesus geloop en onder mekaar gefluister. “Ek wonder wie van ons is die belangrikste van almal?”

   - Vra vir die kinders of hulle mense ken wat dink hulle is belangriker as ander. Ken hulle sulke mense? Watter tipe goed doen hulle?
   - Wat noem ‘n mens iemand wat NIE dink hy is belanriker as ander nie? (nederig)
   - Hoe kan jy vir iemand wys dat jy nederig is? Hier volg ‘n paar voorbeelde om hulle te help as hulle sukkel. Gee so een op ‘n slag en kyk elke keer of dit hulle inspireer om hulle eie voorbeelde te gee.
     - Jy laat ‘n ouer persoon eerste by die deur instap.
     - Jy stamp nie iemand anders uit die pad uit nie (by ‘n deur of wanneer daar lekkergoed uitgedeel word ensomeer…)
     - Jy groet ander mense mooi beleefd.
     - As daar twee stukkies koek oor is, gee jy die groter stukkie vir jou boetie/sussie/maatjie.


2. Lees nou saam met die kinders die Bybelverhale op bl. 277.
   - Verduidelik aan die kinders dat kinders in Jesus se tyd baie onbelangrik was. Hulle het laaste kos gekry en mag nie saam gesels het as die grootmense gesels het nie.
   - Hoor by hulle of dit ook so is by hulle huise. Hulle sal waarskynlik spontaan begin vertel hoe dit by hulle huise werk - laat dus dan die gesprek natuurlik vloei.


3. Speletjie: Nederigheid
   - Kies elke keer 2 kinders om klip, papier en skêr te speel terwyl die ander kinders in ‘n kring om hulle staan.
   - Sodra een verloor, moet die ander sy hand skut en op die skouer klop en sê: “Jy het verloor! Jy is baie belangrik!”
   - Maak beurte met die kinders.
   - Gesels dan daaroor dat ‘n mens baie maklik kan dink dat jy belangriker as ander mense is, wanneer jy goed is in iets.
   - Wanneer jy goed is in iets, maak dit jou nie belangriker as ander mense nie. Dit maak jou net talentvol en talente kom van God af.

4. Voete was (Joh. 13)
   - Vertel vir die kinders hoe Jesus, die koning van die heelal, gewys het hoe nederig ‘n mens moet wees deur Sy dissiples se voete te was.
   - As jy dink jou kinders is volwasse genoeg, kan jy ‘n skotteltjie, seep, water en ‘n handdoekie saam neem en die kinders mekaar se voete laat was.

- **Help die kindertjies om by Jesus uit te kom.**

  Trek lyntjies deur die tonnels om die kinders met Jesus te verbind.





**Kleur die prent mooi in.**

# Les 22

## Kinderbybel bladsy 278 - 279

## Die melaatse wat genees is - Waarom nie dankie sê nie?

1. Laat die kinders hulle Bybels oopmaak op bl. 278.
   - Lees eers net bl. 278 vir die kinders.
   - Vra vir hulle die volgende vrae:
     - Hoeveel melaatse mans was daar?
     - Waarom mag hulle nie naby die pas gestan het nie?
     - Waarom het hulle musse en serpe gedra?
     - Wat het Jesus vir hulle gesê om te doen?
     - Wat het met hulle gebeur terwyl hulle oppad was na die priesters toe?
   - Lees noe bl. 279 vir hulle.
   - Vra die volgende vrae:
     - Wat het Jesus vir die man gesê wat vir Hom kom dankie sê het?
     - Wat kan dalk redes wees waarom die ander nie gaan dankie sê het nie?
   - Laat hulle die verhaal in hulle eie woorde oorvertel.

2. Kom ons bid saam en sê 'n slag vir Jesus dankie dat Hy ons harte so vol liefde maak dat ons by Sy reëls wil hou sodat ons sal kan ophou om ander mense seer te maak. Ek het Rom. 7: 25 soos volg vereenvoudig. Help die kinders om dit te leer en dan te bid.


Rom. 7: 25 Dankie Jesus dat U my help om by die reëls te hou.

3. Vasleggingsgeleenthede:
   - Hier volg 'n paar vasleggingsgeleenthede.
   - Gebruik slegs die's wat jy wéét by jou spesifieke groep kinders pas en dus die boodskap die beste sal oordra.


3.1 Aktiwiteitsvel
- Aan die einde van die les is 'n aktawiteitsvel met mannetjies, met kolle op.
- Maak 'n afskrif vir elke kind en laat hulle die aktiwiteit voltooi.

3.2 Dankie kaartjies
- Neem toerusting soos papier, kleurpotlode, skêre, "glitter" en gom saam en laat die kinders 'n dankiesê kaartjie vir Mamma, Pappa, boetie, sussie, maatjie… maak.
- Help hulle om spesifieke dinge in die kaartjies te noem waarvoor hulle dankiesê.

3.3 Maak kwakkies
- Laat die kinders kwakkies vou.
- Laat hulle dankiesê boodskappies aan die binnekant skryf.
  Byvoorbeeld: Dankie vir jou vriendskap. Dankie vir jou liefde. Dankie dat jy my altyd help. Dankie dat jy altyd jou goed met my deel…



**Rangskik die mannetjies van meeste siek tot gesond deur 'n nommer op elkeen se hempie te skryf.**





**Kleur die prent mooi in.**

# Les 23
## Kinderbybel bladsy 280
## ‘n Tweede kans

1. Speletjie: Elkeen kry ‘n tweede kans.
   - Jy benodig ‘n plastiek glasie of houertjie en ‘n tafeltennisballetjie of enige ander kleinerige balletjie. Jy kan sommer een van opgefrommelde papier maak.
   - Gee elke kind ‘n kans om die balletjie in die glasie te probeer gooi terwyl die ander om hom staan.
   - Indien hy mis gooi, moet almal hardop uitroep: “Jy verdien ‘n tweede kans!”

2. Laat die kinders hulle Bybels by bl. 280 oopmaak.
   - Lees die verhaal saam met die kinders of gee hulle beurte om stukke daarvan te lees.
   - Vra die volgende vrae vir die kinders:
     - Vir wie het die godsdiensleiers tot by Jesus gesleep.
     - Wat wou hulle met haar doen?
     - Wat was Jesus se antwoord?
     - Waarom het nie een van hulle ‘n klip na die vrou gegooi nie?
     - Vra vir hulle wat bogenoemde speletjie met die Bybelverhaal te doen het.
   - Laat hulle nou die verhaal in hulle eie woorde aan jou terug vertel.

3. Teksversvaslegging
   - Jy benodig ‘n houtstomp (braaihout) en ‘n vuurhoutjie.
   - Gee die kinders beurte om ‘n vuurhoutjie tussen hulle ooglede vas te knyp terwyl ‘n ander kind die vuurhoutjie probeer uithaal terwyl hy die houtstomp voor sy oë hou.
   - Lees nou Matt. 7: 5 en verduidelik dit soos volg:
     - Balk = ons eie foute
     - Spinter = ander mense se foutjies
   - Vra vir die kinders of hulle al gesien het hoe mense die heeltyd ander mense se foute raaksien, maar nooit hulle eie nie.
   - Laat hulle die teksvers uit hulle kop leer. Hulle kan handseine gebruik, soos om ‘n arm voor hulle oë te hou terwyl hulle *Haal eers die balk uit jou eie oog* sê en hulle wysvinger en duim bymekaar hou soos wanneer jy iets klein wil vat, terwyl hulle *voor jy die splinter uit iemand anders se oog probeer haal* sê.

Matt. 7: 5 Haal eers die balk uit jou eie oog voor jy die splinter uit iemand anders se oog probeer haal.

4. Pasmaats
   - Aan die einde van die les is ‘n plakkaat met prentjies wat bymekaar pas.
   - Maak vir elkeen ‘n afskrif en laat hulle lyntjies trek tussen die prentjies wat bymekaar pas.
   - Die volgende prentjies hoort bymekaar:
     - Fariseërs en mannetjie wat klip gooi.
     - Vrou en man.
     - Jesus en op die grond teken met ‘n stok.
     - Groepie mense en mannetjie wat wegstap.
     - Bang meisie en meisie wat huil van blydskap.


# Wat hoort by wat?


**Trek lyntjies van links na regs van die prentjies wat bymekaar hoort.**






























**Kleur die prent mooi in.**


# Les 24
## Kinderbybel bladsy 266 - 280
## Hersiening

1. Blaai saam met die kinders deur die Bybelverhale vanaf bladsy 266 tot 280 en laat die kinders die verhale vertel deur slegs na die prente te kyk.

2. Speel weer van die speletjies of doen van die aktiwiteite van les 19 tot 23 wat die kinders baie geniet het.











# Les 25
## Kinderbybel bladsy 282 en 283
## Die goeie Samaritaan

1. Stories
   - Wie van julle hou van stories?
   - God hou ook baie van stories.
   - Terwyl Jesus op aarde was het Hy baie stories vertel. Sy stories leer altyd vir ons iets.
   - Die stories wat Jesus vertel het, het die mense vir ons in die Bybel neergeskryf.
   - Ons gaan vandag een van daardie stories lees.
   - Vandag se storie het Jesus vir die mense vertel omdat 'n man vir Hom gevra het wat hy moet doen om in die hemel te kom.

2. Laat die kinders hulle Bybels op bl. 282 oopmaak.
   - Lees die storie saam met die kinders en gee dan vir 'n paar van hulle kans om dit vir jou terug te vertel.
   - Vra vir die kinders wat die boodskap van Jesus se storie is. Wat wil Jesus vir ons deur hierdie storie leer? (Help die kinders om uit te kom by die feit dat ons ons vyande moet liefê. Ons moet mooi wees met die kinders van wie ons nie hou nie.
   - Daar mag dalk ook kinders wees wat besef dat dit nie help dat ons baie Godsdienstig lyk, maar sonder liefde is nie.

3. Speletjie
   - Vir die ouer kinders kan jy lelike goed op 'n papiertjie skryf, in 'n houer gooi en elkeen 'n beurt gee om 'n kaartjie te trek en vir die jonger kinders kan jy elke keer iets in die oor fluiter.
     - Goed soos: Jy het lelike hare.<br>Jy het lelike tone.<br>Jy het aaklige vingers.<br>…
   - Elkeen kry 'n beurt om die lelike ding vir 'n maatjie te sê.
   - Die maatjie antwoord elke keer terug met: "Ek is lief vir jou."
   - Gesels dan met die kinders oor die speletjie en Jesus se storie. Ons moenie lelike goed terug doen aan ons vyande nie.
   - Gee vir elke maatjie 'n kans om aan iemand te dink van wie hulle nie hou nie. (Hulle moenie dit hardop sê nie.)
   - Gee hulle nou kans om saggies, by hulle self, vir hierdie maatjie te bid.

4. Vasleggingsgeleenthede:

4.1 Blokkiesraaisel.

- Aan die einde van die les is ‘n blokkiesraaisel.
- Maak ‘n afskrif vir elke kind.

**Dwars**

1. Ek moet God en ander mense so liefhê soos ek … het. (myself)
2. Die ... en godsdiensleier wou nie die man help nie. (priester)
3. Die Samaritane en Jode was vir honderde jare al … (vyande)

**Af**

1. Wie het die man gehelp? (Samaritaan)
2. Hy het sy wonde daarmee skoongemaak. (wyn)
3. Hulle het die man geslaan en al sy goed … (gesteel)
4. Die man is soontoe geneem. (herberg)

4.2 Voltooi die prent.


- Aan die einde van die les is ‘n prent wat voltooi moet word deur die nommers te volg.
- Maak vir elke kind ‘n afskrif.


**Dwars**

1. Ek moet God en ander mense so liefhê soos ek … het.
2. Die ... en godsdiensleier wou nie die man help nie.
3. Die Samaritane en Jode was vir honderde jare al …

**Af**


1. Wie het die man gehelp?
2. Hy het sy wonde daarmee skoongemaak.
3. Hulle het die man geslaan en al sy goed …
4. Die man is soontoe geneem.






Luke 10:25-37

©Education Inspired




**Kleur die prent mooi in.**

# Les 26
## Kinderbybel bladsy 285
## Marta en Maria

1. Vra vir die kinders wat hulle elke dag doen.
   - Laat hulle vertel van hulle sport en huiswerk en rekenaar-, selfoonspeletjies.
   - Kry hulle darem tyd om met Jesus te gesels?
   - Vra vir die kinders of daar van hulle is wat al uit hulle eie hulle kinderbybels lees, sonder Mamma of Pappa.

2. Laat die kinders hulle kinderbybels op bl. 285 oopmaak.
   - Lees die Bybelverhaal van Marta en Maria soos dit op bl. 285 van die kinderbybel geskryf staan.
   - Vrae die volgende vrae:
     - Wat het Marta die heeltyd gedoen?
     - Wat het Maria gedoen?
     - Waarom het Marta vir Maria kwaad geword?
     - Wat het Jesus vir Marta gesê?
     - Watter belangrike les moes Marta leer?
     - Is jy ook so besig met baie dinge dat jy nie kans kry om met Jesus te gesels nie?
     - Vra hulle of hulle nie nou al oud genoeg is om ook self uit hulle kinderbybels te lees nie.

3. Speletjie
   - Laat die kinders in 'n kring staan, met jou in die middel.
   - Jy wys met jou vinger na een van die kinders en sê: "Kom gesels met my."
   - Die kind moet so vinnig moontlik 'n verskoning gee, byveeld: "Ek moet playstation speel."
   - Indien die kind nie dadelik 'n verskoning kan gee nie, is hulle uit.
   - Kyk wie oorbly.

4. Aktiwiteit
   - Gee vir elke kind 'n skoon vel papier.
   - Laat hulle kruisies teken en dit uitknip.
   - Vra hulle om dit in hulle kamers, op verskillende plekke weg te steek, byvoorbeeld in hulle laai, kaste, lessenaar, skoene…
   - Elke keer wanneer hulle dan op 'n kruis afkom, moet hulle onthou om bietjie met Jesus te gesels of bietjie self uit die kinderbybel te lees.



**Kleur die prent mooi in.**

# Les 27
## Kinderbybel bladsy 289
## Lasarus leef

1. Emosies
   - Vra vir die kinders wat emosies is en of hulle ‘n paar verskillende emosies kan opnoem.
   - Vra vir hulle of hulle dink dat God ook hierdie emosies kan hê. Dink hulle God kan saam met ons hartseer raak, wanneer óns harseer raak?

2. Laat die kinders hulle Bybels by bl. 289 oopmaak.
   - Lees die verhaal saam met die kinders.
   - Vra vir hulle die volgende vrae:
     - Wie het siek geraak?
     - Het Jesus dadelik gegaan toe Hy dit hoor?
     - Het Lasarus nog geleef toe hulle uiteindelik daar aan kom?
     - Wat het Jesus gedoen toe Hy sien hoe ontsteld almal was? (Hy het gehuil.)
   - Gee nou aan elke kind ‘n karakter uit die verhaal. Daar kan maar meer as een Marta en Maria wees. Die seuns kan mense by die begrafnis wees. Verduidelik aan hulle dat jy nou weer die verhaal gaan lees, maar die keer moet elkeen dink hoe hy/sy voel, as of hulle self daar is.
   - Vra dan die volgende vrae:
     - Maria(s) en Marta(s) hoe het julle gevoel toe julle sien julle broer is baie siek en Jesus kom nie uit nie?
     - Hoe het julle gevoel toe julle broer doodgegaan het?
     - Virende en familie (seuns) hoe het julle gevoel toe julle uitvind dat julle goeie vriend, Lasarus dood is?
     - Hoe het julle gevoel toe julle sien hoe hartseer Marta en Maria was?
     - Jesus het geweet Hy gaan vir Lasarus laat lewendig word, waarom het Hy dan nogsteeds gehuil. (Hy was hartseer omdat die mense hartseer was.)
     - Hoe laat dit jou voel om te weet dat Jesus ook hartseer kan word wanneer jý hartseer is?

3. Teksversvaslegging
   - Lees Joh. 11: 33 - 35 uit die gewone Bybel.
   - Laat die kinders die volgende, kort vers uit hulle kop leer:

     Johannes 11 vers 35. Jesus het gehuil.

4. Vasleggingsgeleenthede:

4.1 Maak mummies.
- Verdeel die klas in groepies van twee of drie.
- Gee vir elke groep ‘n toiletrol.
- Laat hulle een kind, uit hul groep kies wat opgemaak moet word.
- Die ander een/twee probeer dan om die kind van kop tot tone, met die toiletpapier toe te rol.
- As julle wil kan julle op die ou end kyk wie se mummie die beste lyk.

4.2 Volotooi die prent.
- Aan die einde van die les is ‘n onvoltooide prent van Lasarus by die graf. Maak ‘n afskrif vir elke kind en laat hulle dit voltooi.





**Kleur die prent mooi in.**

# Les 28
## Kinderbybel bladsy 300
## Die ryk jong man

1. Wat is jy bereid om vir geld te doen?
   - Vra vir die kinders of hulle dink dat geld gevaarlik kan wees. (Moenie self, op hierdie stadium insette lewer nie.)
   - Neem verskillende groottes geld saam na die klas. (Byv. ‘n 10c, 50c, R1, R5, R10, R20, R50, R100)
   - Jy kan byvoorbeeld kougom kou en dan die 10c wys en vra wie die kougom, wat jy nou kou, vir 10c sal verder kou. Dan kan jy vra wie dit vir 50c, R1, ensomeer sal doen. Die klasse verskil in getalle en van julle mag dalk net 1 of 2 kinders in die klas hê. Dink dus jou eie voorbeelde uit om te sien wat kinders bereid is om vir geld te doen. Kinders wat nie bereid is om iets vir R50 te doen nie, sal dit dalk wel vir R100 doen.
   - Dalk kan ‘n mens dit ook net bespreek deur vir die kinders te vra wat hulle bereid sal wees om vir R100 te doen, wat hulle nie vir R20 of R50 sal doen nie.
   - Vra nou weer die eerste vraag: Dink hulle geld kan gevaarlik wees? (As hulle nie self daar by uitkom nie, kan jy hulle help om te verstaan dat geld ‘n mens kan omkoop. Genoeg geld kan jou iets laat doen wat jy nie normaalweg sou doen nie.

2. Laat die kinders hulle Kinderbybel by bl. 300 oopmaak en lees, saam met hulle die verhaal van die ryk jong man.
   - Laat hulle die verhaal, in hulle eie woorde, aan jou terug vertel.
   - Herhaal die volgende gedeelte aan hulle:

     Daarom het Jesus gesê: “Jy kom een dink kort. As jy volmaak wil wees, moet jy al jou besittings gaan verkoop en jou geld vir die armes gee.”

   - Vra vir die kinders of hulle weet wat die woord *volmaak* beteken. Dinnk hulle daar bestaan mense wat volmaak is? Help hulle om te verstaan dat niemand volmaak is nie en dat álle mense foute maak.

3. Teksversvaslegging:
   - Lees Matt. 19: 25&26, vir die kinders, uit die gewone Bybel.
   - Leer dit vir hulle soos volg:

     Matteus 19 verse 25 en 26. Wie kan dan gered word?<br>Vir ‘n mens is dit onmoontlik, maar vir God is alles moontlik.

   - Afhangend van hoe oud jou groep is, kan jy aan hulle probeer verduidelik dat dit nie vir ‘n mens moontlik is om volmaak te wees nie. Almal van ons maak foute en maak mekaar seer. Ons kry dit nie reg om self daarmee op te hou nie. Gelukkig help God ons, want vir Hom is dit moontlik om ons te help om op te hou om ander mense seer te maak.


4. Vasleggingsgeleentheid: Verbind die regte prentjies met mekaar.
   - Aan die einde van die les is ‘n blad met prentjies.
   - Maak vir elke kind ‘n afskrif laat hulle die prentjies aan die linkerkant met die regte prentjies aan die regterkant verbind.
   - Die volgende prentjies hoort bymekaar:
     - Jongman en skatkis.
     - Jesus en hemel.


- Gebooie en Mamma met kind (eer jou vader en moeder).
- Geld weggee en mannetjie wat huil.
- Munte en hart (geld liefhê).

# Wat hoort by wat?

**Trek lyntjies van links na regs tussen die prentjies wat bymekaar hoort.**
**(Vandag se Bybelverhaal gee vir jou die antwoorde.)**



















shutterstock.com • 293515481



shutterstock.com • 207667138



**Kleur die prent mooi in.**

# Les 29
## Kinderbybel bladsy 305
## Die man in die boom

Nota: Hierdie les sal makliker werk indien die groep uit meer as net 2 kinders bestaan. Reël dus dalk voor die tyd om hierdie les saam met 'n ander groep te doen.

1. Vra vir die kinders wie van boomklim hou.
   - Gee hulle kans om vir so rukkie oor boomklim en boomhuise te gesels.

2. Laat die kinders hulle Kinderbybels by bl. 305 oopmaak.
   - Lees die verhaal saam met hulle en vra hulle dan die volgende vrae:
     - Waarom het die Jode nie van Saggeus gehou nie?
     - Deur watter dorp het Jesus gereis?
     - Waarom het Saggeus in die boom gaan klim?
     - Wat het Jesus gedoen toe Hy onder deur die boom loop en wat het Hy gesê?
     - Wat het die ander mense gesê toe hulle sien dat Jesus na Saggeus se huis toe gaan?
     - Wat het Saggeus belowe om te doen?
     - Wat het Jesus gesê? (Lees weer vir hulle die laaste 3 sinne van die verhaal.
   - Vra die kinders om nou die verhaal, in hulle eie woorde, oor te vertel.

3. Markus 2: 17
   - Vra vir die kinders of hulle weet wat kieme en virusse is. Wat doen kieme en virusse aan ons?
   - Skryf die woord *kiem* op 'n papiertjie.
   - Laat die kinders hulle oë toemaak. Sit die papiertjie in een se hand, sonder dat die ander sien. Die kind met die papiertjie is kastig siek.
   - Almal maak hulle oë weer oop en raai wie die "siek" een is.
   - Lees vir hulle Markus 2: 17 uit die gewone Bybel.
   - Aan die einde van die les is 'n plakkaat van Markus 2: 17. Maak 'n afskrif en plak dit teen die muur.
   - Verduidelik aan die kinders dat die woord *siek* verwys na almal van ons wat lelike goed doen (die dinge wat ons doen wat ander mense seermaak). Saggeus was ook *siek* omdt hy mense seergemaak het deur hulle geld te steel. Jesus is ons almal se dokter. Hy wil ons gesond maak sodat ons kan ophou om lelike goed aanmekaar te doen.


4. Vasleggingsgeleenthede:


4.1 Doolhof: Help vir Sagaria om by die boom uit te kom.
   - Aan die einde van die les is 'n blad met 'n doolhof.
   - Maak vir elke kind 'n afskrif en laat hulle die regte pad met 'n potlood intrek.

4.2 Voltooi die prent.
   - Aan die einde van die les is 'n blad met 'n onvoltooide prent.
   - Maak vir elke kind 'n afskrif en laat hulle die prent voltooi.

**Markus 2 vers 17**


Jesus het dit gehoor en Hy sê vir hulle: “Dié wat gesond is, het nie 'n dokter nodig nie, maar dié wat siek is. Ek het nie gekom om mense te roep wat op die regte pad is nie, maar sondaars.”





**Help vir Sagaria**

**om by die boom uit te kom.**






Luke 19:1-10
©Education Inspired



**Kleur die prent mooi in.**

# Les 30
## Kinderbybel bladsy
## Hersiening

1. Blaai saam met die kinders deur die Bybelverhale vanaf bladsy 285 tot 305 en laat die kinders die verhale vertel deur slegs na die prente te kyk.

2. Blaai ook deur die jaar se Bybelverhale vanaf bl. 210 tot 305 en laat die kinders die verhale vertel deur slegs na die prente te kyk.

3. Speel weer van die speletjies of doen van die aktiwiteite van les 25 tot 29 ( of die jaar se lesse) wat die kinders baie geniet het.

Les 25

